

18 April

Sonde in die liggaam van Christus

Skrifgedeelte: Handeling 15:21 (NAV)
Fokusgedeelte: Handeling 15:10 (OAV)

Die teëstand in die kerk is vandag net so groot as die teëstand wat van buite af kom: onderlinge verskille, twiste, skeurings en behandeling van medegelowiges as vyande.

Uit Judea het mense na Antiochië gekom. Hulle het gesê dat dié wat uit die heidene tot geloof gekom het, besny moes word anders kon hulle nie gered word nie. Die wet het die besnydenis vereis, en dit stuit hierdie manne teen die bors dat die heidense bekeerlinge nie hieraan voldoen het nie en dat Paulus, Barnabas en Petrus dit toegelaat het. So ontstaan 'n hewige woorderstryd. Dit loop uit op 'n spesiale sinode met die besprekingspunt: Kan onbesnede Christene salig word; is die werk van Christus genoeg vir die saligheid of geld daar nog ander eise?

Van die mense uit Judea geld Romeine 10:2 – *Ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder insig.* Die gelowige Fariseërs in vers 5 verstaan die wet verkeerd (Matt 23). Deur die nakoming van die wet te vereis, maak hulle die werk van Jesus ongedaan. Die teken van die geloof en redding was nie meer besnydenis nie, maar die Heilige Gees (Hand 10:45) en die doop (Hand 2:38). So maak God geen onderskeid meer nie. Hy gee die Heilige Gees aan hulle as bewys dat hulle deel in Christus. Hierdie mense kyk dit egter mis en verag so die werk van die Heilige Gees, dit terwyl God ook die harte van die heidene deur die geloof gereinig het (vs 9). As jy nog onderskeid wil maak, terwyl God dit nie doen nie, verset jy jou teen die geopenbaarde wil van God en versoek jy God.

Ons kan so maklik deur vasgelegde sieninge die wye genade van ons God miskyk en so in die versoeking van Satan val. Selfs ons ywer vir die saak van God moet gemeet word aan die regte insig in die Woord en die bedoeling van die Heilige Gees.

Ons in die GKSA moet in hierdie tyd meer as ooit bid vir die lig van die Gees sodat ons nie die man in plaas van die bal speel nie en so ernstige sonde in die liggaam van Christus (die kerk) hoogty laat vier nie!

Sing: Psalm 103:2 (1936- beryming)

Ds. Lourens Aucamp (Emeritus)